HOËRSKOOL

# JAN VAN RIEBEECK

# kunstefees

IC INSTRUMENTAL PERFORMANCES INSTRUMENTELE AFDELING VOCAL PERFORMA
G ENSEMBLES CHOIR FESTIVAL KOORFEES DRAMA FESTIVAL DRAMAFEES BAND FE
ORKESFEES SPEECH & DRAMA VOORDRAG EN DRAMA VISUAL ARTS VISUELE KUNS
IGN ONTWERP SPELATHON READING LEESKOMPETISIE CREATIVE WRITING KREATI
FWERK SPREEKKORE MUSIC INSTRUMENTAL PERFORMANCES INSTRUMENTELE AF
OCAL PERFORMANCES SANG ENSEMBLES CHOIR FESTIVAL KOORFEES DRAMA FEST
AMAFEES BAND FESTIVAL ORKESFEES SPEECH & DRAMA VOORDRAG EN DRAMA VI
S VISUELE KUNSTE DESIGN ONTWERP SPELATHON READING LEESKOMPETISIE CRE
RITING KREATIEWE SKRYFWERK SPREEKKORE MUSIC INSTRUMENTAL PERFORMAN

## 5 - 8 Augustus 2025

# Algemene Feesformaat en Administratiewe Inligting

Kurt Vonnegut het by geleentheid die volgende oor die beoefening van die kunste gesê: "*To practice any art, no matter how well or how badly, is a way to make your soul grow*". Ons hoop van harte dat hierdie fees tot die sielegroei van voornemende jong kunstenaars sal bydra. Opbouende, kundige beoordeling deur kenners in hul onderskeie velde sal deurgaans in diens hiervan staan. Ons hoop ook dat u vanjaar se fees saam met ons sal benut as 'n verrykende geleentheid tot kulturele interaksie binne 'n gekoesterde omgewing.

## 1.1 Waar vind die fees plaas?

Alle optredes sal op die Hoërskool Jan van Riebeeck-kampus plaasvind. 'n Uitleg van die Jan van Riebeeck-kampus en aanwysings na die lokale sal by die progam ingesluit word. Die skool se adres is as volg

Kloofstraat 129<br>
TUINE,<br>
KAAPSTAD,<br>
8001<br>
Tel.: (021) 423 6347

## 1.2 Kategorieë

Beoordeling geskied binne die volgende kategorieë:

**Kategorie 1** – Instrumentale Solovoordrag<br>
**Kategorie 2** – Solosang<br>
**Kategorie 3** – Klein Vokale Ensembles<br>
**Kategorie 4** – Klein Instrumentale Ensembles (Insluitend klavierduette, tweeklavier-werke, klaviertrio's ens.)<br>
**Kategorie 5** – Voordrag en Toneel<br>
**Kategorie 6** – Visuele Kuns: Verf, Teken en Ontwerp<br>
**Kategorie 7** – Visuele Kuns: Fotografie<br>
**Kategorie 8** – Kreatiewe Skryfwerk

## 1.3 Beoordeling

- Die beoordeling word behartig deur gerespekteerde spesialiste in hul onderskeie velde.
- Die beoordelaars se besluite is ononderhandelbaar.
- Enige navrae, of aanmerkings, moet aan Dr. Lestie Hughes (lestie.hughes@janvanriebeeck.co.za/ 082 445 8939) gerig word.
- Gee deelnemer mag vooraf die beoordelaar probeer kontak nie.

## 1.4 Toekenning van Sertifikate

Die riglyne vir die toekenning van sertifikate is as volg:

| | |
|---|---|
| MET LOF – 90% of meer | SPESIALE SEËL |
| GOUD – 80% tot 89% | GOUE SEËL |
| SILWER – 70% tot 79% | SILWER SEËL |
| BRONS – 60% tot 69% | BRONS SEËL |

## 1.5 Inskrywingsgelde en Betaling

Die inskrywingsgelde is soos volg:

- ALLE individuele inskrywings R 60
- Duette (Vokaal en Instrumentaal) R 75
- Trio's, Kwartette en Kwintette (Vokaal en Instrumentaal) R 90
- Groepsdramatisering en- improvisasie (Toneel) R 90

**Betaling**

**'n Rekening met betalingsbesonderhede sal aan die begin van die 3de kwartaal aan alle deelnemende skole gestuur word.**

## 1.6 Klasindeling

- Die term **'klas'** verwys na die groepe waarin individuele instrumentale voordraers, solosangers en ensembles administratief met die oog op beoordeling verdeel word. Hierdie verdeling vind volgens spesifieke kriteria plaas.
- In die geval van **individuele instrumentale voordrag en solosang** is klasverdeling op 'n deelnemer se **musiekgraad** binne 'n Trinity, ABRSM, UNISA, London College of Music, Trinity Rock and Pop of Rockschool-raamwerk gegrond.
- In die die geval van **individuele voordrag- en toneelinskrywings** dien **skoolgrade of skoolfases** as riglyne vir klasindeling.
- Klasindeling vir **trio's, kwartette en kwintette (Musiek) sowel as Groepsdramatisering en Groepsimprovisasie (Toneel)** vind volgens die **ouderdom** van die oudste deelnemer aan die groep, soos bereken op 31 Desember 2025, plaas.


## 1.7 Algemene reëls en belangrike datums

Stuur asseblief 'n epos aan lestie.hughes@janvanriebeeck.co.za om u deelname aan hierdie fees te bevestig.
Die sluitingsdatum vir bevestiging van deelname is Maandag, 9 Junie.

- **’n Inskrywingsvorm sal aan skole gestuur word nadat hul deelname bevestig is.**
- Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Woensdag, 25 Junie.**
- Geen laat-inskrywings sal aanvaar word nie.
- **’n Proefprogram sal op Dinsdag, 22 Julie, verskyn.**
- **Alle veranderinge aan hierdie proefprogram** (met betrekking tot die spelling van name en die indeling van deelnemers in klasse) moet die Feeskoördineerder teen **25 Julie**, op die laatste, bereik by lestie.hughes@janvanriebeeck.co.za.
- Die **finale program sal op Maandag, 28 Julie,** aan deelnemende skole gestuur word.
- Alle **visuele kunswerke** wat vir die fees ingeskryf word moet teen **Vrydag, 25 Julie,** by die ontvangs van Hoërskool Jan van Riebeeck afgelaai en weer op **Maandag, 11 Augutus** by die ontvangs opgelaai word.
- Alle inskrywings vir **Kreatiewe Skryfwerk** moet teen **Vrydag, 25 Julie** aan die volgende epos-adresse gestuur word:
  - Afrikaans: corine.raath@janvanriebeeck.co.za
  - Engels: mariska.basson@janvanriebeeck.co.za

## 1.8 Deelname

- Geen deelnemer mag dieselfde werk meer as een maal aanbied nie.
- Kandidate wat onttrek aan die fees sal hul inskrywingsfooie verbeur.
- ‘n Kandidaat wat onttrek aan die fees kan nie deur ‘n ander kandidaat vervang word nie omdat die sertifikate vooruit gedruk word.
- Die persoonlike inligting oor kandidate wat vir administratiewe doeleindes benodig word, sal met diskresie behandel word en nie op enige openbare platform versprei word nie.
- ’n Kopie van die werk wat aangebied word moet tydens registrasie ingehandig word.
- Deelnemers moet self sorg vir begeleiers.
- Musiekstaanders en stoele sal voorsien word, maar deelnemers in die Voordrag-en Toneel Kategorie is verantwoordelik vir hul eie rekwisiete.
- Deelnemers moet asseblief bestyds wees vir optredes, anders kan u gediskwalifiseer word.
- Sorg dat u ten minste dertig minute voor begin van die klas by die betrokke registrasietafel aanmeld.
- Hou asseblief by die tydsinperking, anders kan u gestop word.
- Alle optredes of geskrewe werk mag in Afrikaans en Engels geskied.
- Beoordelaars mag nie die werk van eie leerlinge of familie wat aan die kunsfees deelneem beoordeel nie, tensy die bestuur daartoe toestem.
- Leerders moet in hul skooldrag optree tensy hulle kostuums vir toepaslike Toneel-items dra.



KATEGORIE 1

# *Instrumentale Solo-voordrag*

*A painter paints pictures on canvas. But musicians paint their pictures on silence.*
-Leopold Stokowski

Kategorie 1 is verdeel in sub-kategorieë volgens die voordraginstrument.

| SUB-KATEGORIE: | |
|---|---|
| 2.1.1 | Klavier |
| 2.1.2 | Blaasinstrumente |
| 2.1.3 | Strykers |
| 2.1.4 | Slaginstrumente |

Binne hierdie sub-kategorieë sal deelnemers optree volgens afdelings wat afgebaken word deur die stylperiodes van hul stukke. Die afdelings word voorts in klasse verdeel, wat gebaseer is op die deelnemers se musiekgrade. Daar is afsonderlike Laerskool-en Hoërskoolafdelings.
**Byvoorbeeld:**
**Klas=Instrumentale Solo-Voordrag (Kategorie), Strykers (Sub-Kategorie), Afdeling C-Romanties (Laerskool), Graad 2-3**

Skematiese Voorstelling van die Afdelings en Graadverdelings vir Klassamestelling

| LAERSKOOL: KATEGORIE 1 – INSTRUMENTALE SOLO-VOORDRAG (VERDEEL IN INSTRUMENTALE SUB-KATEGORIEË) | |
|---|---|
| Graad | **Afdeling A:** Barok (c. 1600 – 1750) |
| Voorgraad 1-Graad 1 | **Afdeling B:** Klassiek (c. 1750 – 1820) |
| Graad 2-3 | **Afdeling C:** Romanties (c. 1820 – 1900) |
| Graad 4-5 | **Afdeling D:** Modern (Vanaf 1900) |
| Graad 6 en hoër | **Afdeling E:** Kontemporêre Musiek |
| | **Afdeling F:** Program – 'n Gebalanseerde program van DRIE werke wat uit DRIE VERSKILLENDE STYLPERIODES kom (Slegs vir Graad 6 en hoër) |

| HOËRSKOOL: KATEGORIE 1 – INSTRUMENTALE SOLO-VOORDRAG (VERDEEL IN INSTRUMENTALE SUB-KATEGORIEË) | |
|---|---|
| Graad | **Afdeling A:** Barok (c. 1600 – 1750)<br>**Afdeling B:** Klassiek (c. 1750 – 1820)<br>**Afdeling C:** Romanties (c. 1820 – 1900)<br>**Afdeling D:** Modern (Vanaf 1900)<br>**Afdeling E:** Kontemporêre Musiek<br>**Afdeling F:** Program – 'n Gebalanseerde program van DRIE werke wat uit DRIE VERSKILLENDE STYLPERIODES kom (Slegs vir Graad 6 en hoër) |
| Graad 2-3 | |
| Graad 4-5 | |
| Graad 6-7 | |
| Graad 8 en hoër | |

**Sillabus-inligting:**

- Stukke uit die UNISA-, Trinity College-, ABRSM, London College of Music-, Trinity Rock and Pop- en Rockschool-Sillabusse mag ingeskryf word.
- Die sillabus waaruit 'n stuk gekies word mag nie ouer as 10 jaar wees nie.

## Reëls en Oorwegings Aangaande die Instrumentale Sub-kategorieë

- Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per skool in die Instrumentale Solo-Voordragkategorie nie.
- Deelnemers mag slegs vir een stuk per afdeling per instrument inskryf binne die klas wat deur hul musikale graad bepaal word.
- Daar is geen beperking op die aantal instrumente waarvoor 'n betrokke deelnemer ingeskryf kan word nie.
- Dieselfde deelnemer mag nie dieselfde stuk in meer as een klas voordra nie.
- Die tydsduur van elke werk moet aangedui word op die inskrywingsvorm. Die akkuraatheid van hierdie inligting is uiters belangrik vir die gladde verloop van die feesprogram.
- Die maksimum-tydsduur vir 'n stuk in die Laerskoolafdeling is 5 minute.
- Die maksimum-tydsduur vir 'n stuk in die Hoërskoolafdeling is 8 minute.
- In die geval van 'n konsert mag slegs een beweging voorgedra word.
- In die geval van 'n sonata, mag slegs een beweging voorgedra word tensy die sillabus waaruit die stuk geneem is anders bepaal (byvoorbeeld, waar beide 'n stadige en 'n vinnige beweging van 'n Baroksonata vir Blaas-en Snaarinstrumente vereis word).
- Deelnemers moet hul eie begeleiers voorsien.
- Klankbaan-begeleidings sal slegs vir Afdeling E (Kontemporêre Musiek) toegelaat word.
- Dit behoort slegs nodig te wees om die stemming van 'n instrument vlugtig op die verhoog voor 'n optrede na te gaan. Die instrument moet dus deeglik gestem word voor die klas begin.

### 2.1.1 Klavier

- Geen elektroniese klawerbord- ('keyboard') inskrywings sal aanvaar word nie.

### 2.1.2 Blaasinstrumente

- Stukke mag op die volgende Houtblaas-en Koperblaasinstrumente voorgedra word:
  - Fluit,
  - Klarinet,
  - Saksofoon,
  - Hobo,
  - Fagot,
  - Blokfluit,
  - Trompet,
  - Tromboon,
  - Franse Horing,
  - Eufonium,
  - Tuba

### 2.1.3 Snaarinstrumente

- Stukke mag op die volgende Snaarinstrumente voorgedra word:
  - Viool,
  - Altviool,
  - Tjello,
  - Kontrabas,
  - Kitaar (Akoesties en Elektries)
- Soliste wat werke met begeleidingsklankbane in Afdeling E voordra moet 'n digitale opname van hul begeleidings **twee weke voor die aanvang van die fees** aan Paul Richard stuur by paulrichard07041986@gmail.com. Hierdie begeleidings moet van die sogenaamde 'performance track' wees en nie van die 'practice track' nie.

### 2.1.4 Slaginstrumente

- Trom-en ongestemde perkussiespelers moet 'n digitale opname van hul begeleidings **twee weke voor die aanvang** van die fees aan Paul Richard stuur paulrichard07041986@gmail.com. Hierdie begeleidings moet van die sogenaamde 'performance track' wees en nie van die 'practice track' nie.



# KATEGORIE 2

# Solosang

*Words make you think. Music makes you feel. A song makes you feel a thought.*
*-E. Y. Harburg*

Deelnemers aan hierdie kategorie sal optree volgens afdelings afgebaken deur stylistiese kenmerke van hulle stukke.  Die afdelings word voorts onderverdeel in klasse gebaseer op die deelnemers se musiekgrade. Daar is afsonderlike Laerskool-en Hoërskoolafdelings. Byvoorbeeld: Klas=Solosang (Kategorie), Afdeling C-Musiekblyspele (Laerskool), Graad 2.

Skematiese Voorstelling van die Afdelings en Graadverdelings vir Klassamestelling

| LAERSKOOL: KATEGORIE 2 – SOLOSANG | |
|---|---|
| **Graad** | |
| Voorgraad 1 | **Afdeling A:** Tradisionele Volkliedjies |
| Graad 1 | **Afdeling B:** Liedere uit Algemene Repertoire |
| Graad 2 | **Afdeling C:** Musiekblyspele |
| Graad 3 en hoër | **Afdeling D:** Afrikaans Kontemporêr – Eie Keuse |


| HOËRSKOOL: KATEGORIE 2 – SOLOSANG | |
|---|---|
| **Graad** | **Afdeling A:** Barok (c. 1600 – 1750) |
| Graad 2-3 | **Afdeling B:** Klassiek (c. 1750 – 1820) |
| Graad 4-5 | **Afdeling C:** Romanties (c. 1820 – 1900) |
| Graad 6-7 | **Afdeling D:** Modern (Vanaf 1900) |
| Graad 8 en hoër | **Afdeling E:** Kontemporêre Musiek (Uit Rockschool-en Trinity Rock and Pop-Syllabusse) |
| | **Afdeling F:** Afrikaans Kontemporêr – Eie Keuse |

**Sillabus-inligting:**

- Stukke uit die UNISA-, Trinity College-, ABRSM-, London College of Music-, Trinity Rock and Pop- en Rockschool-Sillabusse mag ingeskryf word. Stukke geneem uit die addisionele lyste van hierdie sillabusse sal ook aanvaar word.
- Aangesien daar geen sillabus vir 'Afrikaans Kontemporêr' is nie, berus die keuse van stukke op die goeie oordeel van die onderwyser.
- Die sillabus waaruit 'n stuk gekies word mag nie ouer as 10 jaar wees nie.

## Algemene Reëls

- Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per skool in die Solosang-kategorie nie.
- Deelnemers mag slegs vir een stuk per afdeling inskryf, binne die klas wat deur hul musikale graad bepaal word.
- Dieselfde deelnemer mag nie dieselfde stuk in meer as een klas voordra nie.
- Die tydsduur van elke werk moet aangedui word op die inskrywingsvorm. Die akkuraatheid van hierdie inligting is uiters belangrik vir die gladde verloop van die fees.
- Die maksimum-tydsduur vir 'n stuk in die Laerskoolafdeling is 4 minute.
- Die maksimum-tydsduur vir 'n stuk in die Hoërskoolafdeling is 6 minute.
- Deelnemers moet hul eie begeleiers voorsien.
- Liedere moet gememoriseerd wees.
- Die gebruik van klankbaanbegeleidings en mikrofone sal in die 'Kontemporêre' afdelings toegelaat word.
- Klankbaanbegeleidings 2 weke voor die aanvang van die fees aan Paul Richard by paulrichard07041986@gmail.com gestuur word. Hierdie begeleidings moet van die sogenaamde 'performance track' wees en nie van die 'practice track' nie.
- Die onderwyser moet toesien dat die gekose lied(ere) gepas is vir die deelnemer se ouderdom.
- Onthou dat liedere met onwelvoeglike lirieke of lirieke weerspieëlend van vooroordeel diskwalifisering tot gevolg sal hê.



KATEGORIE 3

# Klein Vokale Esembles

(DUETTE, TRIOS, KWARTETTE EN KWINTETTE)

*The only thing better than singing is MORE SINGING!*

*-Ella Fitzgerald*

Deelnemers aan Kategorie 3 sal in klasse gebaseer op ouderdom optree binne die breë stylistiese raamwerk van een afdeling. Daar is afsonderlike Laerskool-en Hoërskoolafdelings.
Byvoorbeeld: Klas=Klein Vokale Ensembles, Afdeling A / Laerskool (Enige Styl), 7- 9 jaar

Skematiese Voorstelling van die Afdelings en Graadverdelings vir Klassamestelling

| LAERSKOOL: KATEGORIE 3 – KLEIN VOKALE ENSEMBLES | |
|---|---|
| **Ouderdomsgroep** | **Slegs Afdeling A**<br><br>Een vokale werk vir 2-5 sangers in enige styl, buiten kontemporêre musiek (popmusiek). Liedere uit musiekblyspele is egter toelaatbaar. |
| 7-9 jaar | |
| 10-11 jaar | |
| 12-14 jaar | |

| HOËRSKOOL: KATEGORIE 3 – KLEIN VOKALE ENSEMBLES | |
|---|---|
| **Ouderdomsgroep** | **Slegs Afdeling A**<br>Een vokale werk vir 2-5 sangers in enige styl, buiten kontemporêre musiek (popmusiek). Liedere uit musiekblyspele is egter toelaatbaar. |
| 13-16 jaar | |
| 17-18 jaar | **Slegs Afdeling A**<br>Een vokale werk vir 2-5 sangers in enige styl, buiten kontemporêre musiek (popmusiek). Liedere uit musiekblyspele is egter toelaatbaar. |

## Algemene Reëls

- Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per skool in the Klein Vokale Ensemble-kategorie nie.
- 'n Betrokke ensemble (duet, trio, kwartet, kwintet) mag slegs vir een optrede inskryf. 'n Maksimum van 3 individuele lede van 'n ensemble mag egter deel uitmaak van 'n ander ensemble in die ouderdomsgroep/klas.
- Die ouderdomsgroepe in hierdie kategorie word bepaal deur die ouderdom van die oudste lid van 'n ensemble op 31 Desember 2025.
- Die tydsduur van elke werk moet aangedui word op die inskrywingsvorm. Die akkuraatheid van hierdie inligting is uiters belangrik vir die gladde verloop van die fees.
- Die maksimum-tydsduur vir 'n stuk in die Laerskoolafdeling is 4 minute.
- Die maksimum-tydsduur vir 'n stuk in die Hoëskoolafdeling is 6 minute
- Begeleidings moet akoesties van aard wees. Geen klankbane ('backing tracks') word toegelaat nie.
- Deelnemers moet hul eie begeleiers voorsien.
- Liedere moet gememoriseerd wees.
- Geen mikrofone sal toegelaat word nie.
- Onderwyser moet toesien dat dat die gekose lied(ere) gepas is vir die deelnemer se ouderdom.
- Onthou dat liedere met onwelvoeglike lirieke of lirieke weerspieëlend van vooroordeel diskwalifisering tot gevolg sal hê.



KATEGORIE **4**

# *Klein Instrumentale Esembles*

**(DUETTE, TRIOS, KWARTETTE EN KWINTETTE)**

*Music can change the world because it can change people.*

*-Bono*

Daar is afsonderlike Laerskool- en Hoërskoolafdelings in hierdie kategorie.

Skematiese Voorstelling van die Afdelings en Graadverdelings vir Klassamestelling

| LAERSKOOL: KATEGORIE 4 KLEIN INSTRUMENTALE ENSEMBLES | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Slegs Afdeling A**<br>EEN Barok, Klassieke, Romantiese of Moderne stuk of verwerking, insluitend jazz verwerkings en verwerkings van liedere uit musiekblyspele.<br>Neem kennis dat klavierduette, tweeklavierwerke, klaviertrio's en klavierkwartette deel van hierdie kategorie vorm. |
| Graad 1-3 (Junior Primêr) | |
| Graad 4-7 (Senior Primêr) | |

| HOËRSKOOL: KATEGORIE 4 KLEIN INSTRUMENTALE ENSEMBLES | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Slegs Afdeling A**<br>EEN Barok, Klassieke, Romantiese of Moderne stuk of verwerking, insluitend jazz verwerkings en verwerkings van liedere uit musiekblyspele.<br>Neem kennis dat klavierduette, tweeklavierwerke, klaviertrio's en klavierkwartette deel van hierdie kategorie vorm. |
| Graad 8-12 (Hoërskool) | |

## Algemene Reëls

- Alle groepe in hierdie sub-kategorie is beperk tot 'n maksimum van 5 lede.
- Elke ensemble mag slegs eenkeer binne 'n afdeling meeding. 'n Maksimum van 3 individuele lede van 'n ensemble mag egter deel uitmaak van 'n ander ensemble in die fase/klas.
- Optredes in die Junior Primêre en Senior Primêre klasse mag nie langer as 4 minute duur nie.
- Optredes in die Hoërskoolklasse mag nie langer as 6 minute duur nie.
- Daar is geen beperkings op die aantal inskrywings per skool nie.
- Dit is ensembles se verantwoordelikheid om hul eie staanders te voorsien.
- Geen elektroniese klankversterking mag gebruik word nie.

# KATEGORIE 5

# *Voordrag & Toneel*

**Kategorie 5 is verdeel in 'n aantal afdelings.**
Binne hierdie afdelings sal deelnemers in klasse optree wat op hul skoolgrade/fases gebaseer is. Daar is afsonderlike Laerskool-en Hoërskoolafdelings.

Skematiese Voorstelling van die Afdelings en Graadverdelings vir Klassamestelling

| LAERSKOOL: KATEGORIE 5 - VOORDRAG EN TONEEL | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Afdeling A:** Individuele Poësie (Sonder beweging of kostuums, maksimum 1 minuut)<br>**Afdeling B:** Individuele Prosa (Sonder beweging of kostuums, maksimum 1 minuut) |
| Graad 1-3 | |
| Graad 4-5 | **Afdeling A:** Individuele Poësie - Sonder beweging of kostuum, maksimum 1.5 minute.<br>**Afdeling B:** Individuele Prosa - Sonder beweging of kostuum, maksimum 1.5 minute.<br>**Afdeling C:** Onvoorbereide lees - Leerling ontvang leesstuk 2 minute voor voorlesing.<br>**Afdeling D:** Individuele Gedramatiseerde Prosa - Met beweging en kostuum/rekwisiete, maksimum 2 minute.<br>**Afdeling E:** Groepsdramatisering - Die opvoering van 'n kort toneel, met 'n maksimum van 5 deelnemers. Beweging en kostuums/rekwisiete moet gebruik word. Die teks kan oorspronklik wees of mag 'n gedeelte uit 'n toneelstuk of 'n verwerking uit 'n prosastuk wees. Die dramatisering mag nie 5 minute oorskry nie. |
| Graad 6-7 | **Afdeling A:** Individuele Poësie - Sonder beweging of kostuum, maksimum 2 minute.<br>**Afdeling B:** Individuele Prosa - Sonder beweging of kostuum, maksimum 2 minute.<br>**Afdeling C:** Onvoorbereide lees - Leerling ontvang leesstuk 1.5 minute voor voorlesing.<br>**Afdeling D:** Individuele Gedramatiseerde Prosa - Met beweging en kostuum/rekwisiete, maksimum 2.5 minute.<br>**Afdeling E:** Groepsdramatisering - Die opvoering van 'n kort toneel, met 'n maksimum van 5 deelnemers. Beweging en kostuums/rekwisiete moet gebruik word. Die teks kan oorspronklik wees of mag 'n gedeelte uit 'n toneelstuk of 'n verwerking uit 'n prosastuk wees. Die dramatisering mag nie 5 minute oorskry nie.<br>**Afdeling F:** Individuele Improvisasie - Die onderwerp sal 5 minute voor die optrede verskaf word. Die improvisasie mag nie 3 minute oorskry nie.<br>**Afdeling G:** Groepimprovisasie - Die onderwerp sal 2 dae voor die tyd verstrek word.<br>**Maksimum aantal deelnemers: 5**<br>**Die improvisasie mag nie 6 minute oorskry nie.** |

| HOËRSKOOL: KATEGORIE 5 - VOORDRAG EN TONEEL | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Afdeling A:** Individuele Poësie - Sonder beweging of kostuum, maksimum 3 minute.<br>**Afdeling B:** Individuele Prosa - Sonder beweging of kostuum, maksimum 3 minute.<br>**Afdeling C:** Onvoorbereide lees - Leerling ontvang leesstuk 1 minuut voor voorlesing.<br>**Afdeling D:** Individuele Gedramatiseerde Prosa - Met beweging en kostuum/rekwisiete, maksimum 4 minute.<br>**Afdeling E:** Groepsdramatisering - Die opvoering van 'n kort toneel, met 'n maksimum van 5 deelnemers. Beweging en kostuums/rekwisiete moet gebruik word. Die teks kan oorspronklik wees of mag 'n gedeelte uit 'n toneelstuk of 'n verwerking uit 'n prosastuk wees. Die dramatisering mag nie 8 minute oorskry nie.<br>**Afdeling F:** Individuele Improvisasie - Die onderwerp sal 5 minute voor die optrede verskaf word. Die improvisasie mag nie 3 minute oorskry nie.<br>**Afdeling G:** Groepimprovisasie - Die onderwerp sal 2 dae voor die tyd verstrek word.<br>**Maksimum aantal deelnemers: 5**<br>**Die improvisasie mag nie 8 minute oorskry nie.** |
| Graad 8-9 | Toespraak: 'n Voorbereide toespraak van tussen 3 en 5 minute oor enige relevante onderwerp. |
| Graad 10-12 | **Afdeling A:** Individuele Poësie - Sonder beweging of kostuum, maksimum 4 minute.<br>**Afdeling B:** Individuele Prosa - Sonder beweging of kostuum, maksimum 4 minute.<br>**Afdeling C:** Onvoorbereide lees - Leerling ontvang leesstuk 1 minuut voor voorlesing.<br>**Afdeling D:** Individuele Gedramatiseerde Prosa - Met beweging en kostuum/rekwisiete, maksimum 5 minute.<br>**Afdeling E:** Groepsdramatisering - Die opvoering van 'n kort toneel, met 'n maksimum van 5 deelnemers. Beweging en kostuums/rekwisiete moet gebruik word. Die teks kan oorspronklik wees of mag 'n gedeelte uit 'n toneelstuk of 'n verwerking uit 'n prosastuk wees. Die dramatisering mag nie 10 minute oorskry nie.<br>**Afdeling F:** Individuele Improvisasie - Die onderwerp sal 5 minute voor die optrede verskaf word. Die improvisasie mag nie 4 minute oorskry nie.<br>**Afdeling G:** Groepimprovisasie - Die onderwerp sal 2 dae voor die tyd verstrek word.<br>**Maksimum aantal deelnemers: 5**<br>**Die improvisasie mag nie 8 minute oorskry nie.** |
| | Toespraak: 'n Voorbereide toespraak van tussen 5 en 7 minute oor enige relevante onderwerp. |

## Algemene Reëls

- Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per skool in die Voordrag en Toneel-kategorie nie.
- Dieselfde leerling mag vir verskillende individuele afdelings inskryf.
- Alle groepe in hierdie kategorie is beperk tot 'n maksimum van 5 lede.
- Elke groep mag slegs eenkeer binne 'n afdeling meeding. 'n Maksimum van 3 individuele lede van 'n groep mag egter deel uitmaak van 'n ander groep in dieselfde òf 'n ander afdeling in hierdie kategorie.
- Met die uitsondering van Onvoorbereide Lees, Improvisasie en Toesprake moet alle tekste gememoriseer wees.
- Met die uitsondering van Onvoorbereide Lees, Improvisasie en Toesprake moet 'n kopie van die teks wat voorgedra/opgevoer gaan word tydens registrasie ingehandig word.
- Leerlinge mag nie deur hul onderwysers gehelp/voorgesê word tydens hul voordrag op opvoering nie.
- Bestaande tekste uit publikasies mag vir die Individuele Dramatisering-afdeling gewysig en/of saamgevoeg word in belang van 'n sinvolle, effektiewe opvoering.
- Geen onwelvoeglike tekste mag gebruik word nie.

# KATEGORIE 6

# Visuele Kuns

*Painting is the silence of thought and the music of sight.*

*-Orhan Pamuk*

Daar is afsonderlike Laerskool- en Hoërskoolafdelings in hierdie kategorie.


| LAERSKOOL: KATEGORIE 6 VISUELE KUNS: VERF EN TEKEN | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Slegs Afdeling A: Verf en Teken** |
| Graad 1-3 | • 'n Twee-of driedimensionele werk – Geverf of geteken.<br>• Enige tema.<br>• Enige medium.<br>• Behoorlik gemonteer met wit karton.<br>• Nie minder as 5cm langs die kante en 8cm aan die onderkant. |
| Graad 4-5 | |
| Graad 6-7 | |

## HOËRSKOOL: KATEGORIE 6 VISUELE KUNS: VERF EN TEKEN

| Graad/Fase | Slegs Afdeling A: Verf en Teken |
|---|---|
| Graad 8-9<br><br>Graad 10-12 | • 'n Twee-of driedimensionele werk – Geverf of geteken.<br>• Enige tema.<br>• Enige medium.<br>• Behoorlik gemonteer met wit karton.<br>• Nie minder as 5cm langs die kante en 8cm aan die onderkant.<br>**Afdeling B: Ontwerp**<br>• In enige medium.<br>• Gemonteer, indien moontlik. |

### Algemene Reëls

- Alle inskrywings moet die oorspronklike werk van die leerling wees.
- 'n Leerling sal gediskwalifiseer word as hy/sy skuldig bevind word aan plagiaat.
- Inskrywings per skool is beperk tot 'n maksimum van vyf leerlinge per graad per afdeling.
- Een laerskoolleerling mag egter 'n maksimum van TWEE werke vir Afdeling A inskryf, naamlik 'n skildery en 'n tekening.
- Een hoërskoolleerling mag 'n maksimim van TWEE werke vir Afdeling A EN een werk vir Afdeling B (Ontwerp) inskryf.
- Geen geraamde werke agter glas sal vir beoordeling aanvaar word nie.
- Die graad en ouderdom van die deelnemer moet aan die voorkant van die montering aangedui word.
- Die ander inligting (Naam, titel, skool en skooladres) moet op die inskrywingsvorm sowel as die agterkant van die prent/voorwerp aan gedui word.
- **Let asseblief daarop** dat alle visuele kunswerke wat vir die fees ingeskryf word teen Vrydag, 25 Julie, by die ontvangs van Hoërskool Jan van Riebeeck afgelaai en weer op Maandag, 11 Augustus by die ontvangs opgelaai moet word.



KATEGORIE 7

# *Fotografie*

*Photography takes an instant out of time,*
*Altering life by holding it still.*

Daar is afsonderlike Laerskool- en Hoërskoolafdelings in hierdie kategorie.

| LAERSKOOL: KATEGORIE 7 FOTOGRAFIE | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Slegs Afdeling A** |
| Graad 6-7 | 1. Foto's mag swart-en-wit of in kleur wees.<br>2. Daar is geen vasgestelde tema nie.<br>3. Foto's moet behoorlik gemonteer wees.<br>4. Foto's moenie kleiner as 20 X 25 cm of groter as 40 X 50 cm, insluitend die montering, wees nie. |

| HOËRSKOOL: KATEGORIE 7 FOTOGRAFIE | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Slegs Afdeling A** |
| Graad 8-9 | 1. Foto's mag swart-en-wit of in kleur wees.<br>2. Daar is geen vasgestelde tema nie.<br>3. Foto's moet behoorlik gemonteer wees.<br>4. Foto's moenie kleiner as 20 X 25 cm of groter as 40 X 50 cm, insluitend die montering, wees nie. |
| Graad 10-12 | |

## Algemene Reëls

- Alle inskrywings moet die oorspronklike werk van die leerling wees.
- 'n Leerling sal gediskwalifiseer word as hy/sy skuldig bevind word aan plagiaat.
- Inskrywings per skool is beperk tot 'n maksimum van vyf leerlinge per graad per afdeling.
- Geen leerling mag meer as een foto inskryf nie.
- Geen geraamde werke agter glas sal vir beoordeling aanvaar word nie.
- Die graad en ouderdom van die deelnemer moet aan die voorkant van die montering aangedui word.
- Die ander inligting (Naam, titel, skool en skooladres) moet op die inskrywingsvorm sowel as die agterkant van die gemonteerde foto aangedui word.
- Let asseblief daarop dat alle Fotografie-inskrywings teen Vrydag, 25 Julie, by die ontvangs van Hoërskool Jan van Riebeeck afgelaai en weer op Maandag, 11 Augutus by die ontvangs opgelaai moet word.

KATEGORIE **8**

# Kreatiewe Skyfwerk

*Poetry is language at its most distilled and powerful.*

-Rita Dove

Daar is afsonderlike Laerskool- en Hoërskoolafdelings in hierdie kategorie.

| LAERSKOOL & HOËRSKOOL: KATEGORIE 8 KREATIEWE SKRYFWERK | |
|---|---|
| **Graad/Fase** | **Afdeling A:** Gedig - Enige onderwerp<br>**Afdeling B:** Prosa – Enige onderwerp. ’n Maksimum van 500 woorde<br>**Afdeling C:** Opiniestuk – Enige onderwerp. ’n Maksimum van 300 woorde. |
| Graad 6-7 | |
| Graad 8-12 | **Afdeling A:** Gedig - Enige onderwerp<br>**Afdeling B:** Prosa – Enige onderwerp. ’n Maksimum van 600 woorde<br>**Afdeling C:** Opiniestuk – Enige onderwerp. ’n Maksimum van 400 woorde. |

## Algemene Reëls

- Alle inskrywings moet die oorspronklike werk van die leerling wees.
- ’n Leerling sal gediskwalifiseer word as hy/sy skuldig bevind word aan plagiaat.
- Een leerlinge mag skryfstukke in al drie afdelings inskryf.
- Skryfstukke mag in Afrikaans of Engels wees.
- Alle **kreatiewe skryfwerk** moet teen **Vrydag, 25 Julie** aan die volgende epos-adresse gestuur word:
  - Afrikaans: corine.raath@janvanriebeeck.co.za
  - Engels: mariska.basson@janvanriebeeck.co.za
- Die skryfstuk(ke) wat ingeskryf word moet in PDF-formaat by die epos aangeheg word, met die leerling se naam as ‘*File*’-naam.
- Skryfstukke moet getik wees. Geen handgeskrewe skanderings sal aanvaar word nie.
- Die volgende inligting moet bo-aan ’n skryfstuk verskyn:
  - Die leerling se naam, graad, ouderdom en skool
  - Die afdeling waarvoor die leerling inskryf
  - Die titel van die skryfstuk.